

Lekkerbekkie Nuusbrief

11 FEBRUARIE 2015 | UITGAWE 87



Inhoud:

- * Kinderstorie: Wat met die tafel gebeur het (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Stories oor entrepreneurskap
- * Inkleurprentjie: Wat met die tafel gebeur het

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Wat met die tafel gebeur het deur Corlie Putter

Dis slaaptyd vir die goeters in die kombuis. Aandete is verby en al die skottelgoed is silwerskoon gewas. Nou word hulle in die laai weggepak, en raak sommer dadelik aan die slaap. Alles is tjoepstil in die donker kombuis.

Maar nie vir lank nie! Die stoele begin een na die ander vreeslik te snork! En nou kan die tafel nie aan die slaap raak nie. Hy staan en hy staan, maar dit raak vreeslik vervelig om so in die stil kombuis te staan en niks doen nie. "Ek dink ek gaan 'n bietjie pote rek," brom hy. Hy lig sy swaar pote een vir een, en skuif hulle 'n entjie.

"Wat maak jy?" vra die staanhorlosie nuuskierig. Hy het ook nou wakker geword van die stoele se gesnork.

"Ek gaan kyk hoe dit buite lyk!" sê die tafel, en hy sluip saggies verby die snorkende stoele. "Ek is moeg daarvoor om op een plek te staan. Ek wou nog altyd gesien het hoe die sterretjies in die tuin lyk."

Saggies stoot die tafel die venster oop en klim pootjie vir pootjie uit. Maar toe hy buitekant is sak sy swaar pote diep in die modder weg, en daar sit hy vas! "Help my!" roep hy benoud. "Ek kan nie beweeg nie!"

Die staanhorlosie skuif so vinnig as wat hy kan oor die vloer tot by die oop venster. Hy stamp en stoot, maar kan nie die tafel in die hande kry nie. Hy gaan maak die verestoffer wakker, en saam probeer hulle weer. Maar die verestoffer se vere kielie die tafel in sy kieliebakke, en hy wriemel heen en weer. Hy sit nog steeds vas!

Die verestower gaan roep toe maar die houtlepel wat langs die stoof hang. Die houtlepel is baie vies omdat hulle hom wakker gemaak het en wiks sommer die tafel op sy blad. Maar dit help ook nie, want hy sit nog steeds vas.

"Miskien kan ek help" sê die stofsuiers, maar die tafel skud sy kop. "Jy raas te veel," sê hy. "Jy gaan die klein teelepeltjies wakker maak."

"Maar ons almal is al kláár wakker!" roep al die klein teelepeltjies skielik hier van agter uit die laai. Die tafel kyk en sien dat die hele kombuis se goeters wakker geword het van die gewoel – selfs die stoele snork nie meer nie. Nou suig die stofsuiers aan een van die tafel se pote vas, en almal help trek. Hulle trek en trek, en bietjie vir bietjie trek hulle die arme tafel weer by die kombuisvenster in.

Die tafel staan nou weer op sy plekkie, maar hy lyk so hartseer dat die messegoed vir hom jammer voel. Hulle fluister saggies vir mekaar in die laai, en sommer gou het hulle 'n baie slim plan.

Die volgende aand toe alles weer tjoepstil in die huis is, maak die deurstopper die kombuisdeur groot oop, en almal help die tafel buitentoe. En daar het hulle die hele nag onder die boom gesit en sterretjies kyk!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Leer jou kind om soos 'n entrepreneur te dink – storie vir storie!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

In die tye waarin ons leef is entrepreneurskap-vaardighede een van die belangrikste dinge waarmee jy jou kind kan uitrus. Anna Emm het twaalf heerlike, lekkerluister dierestories geskryf – spesiaal gefokus daarop om kinders te leer om soos entrepreneurs te begin dink oor hulle eie talente en belangstellings! Die stories verskyn op 3 CD's – elk met A4-aktiwiteitspak oor entrepreneurskap. Luister hoe Bertie Bewer vir homself 'n huisbou-besigheid begin het, hoe Minki die beertjie geleer het om geld te verdien uit haar bakkerij, en hoe Krissie Kangaroo 'n kleuterskool vir dierekinders begin het. Elkeen van hierdie diertjies kry met 'n paar struikelblokke ook te doen – luister bietjie hoe hulle dit opgelos het!

Koop enige van die drie storie-CD's met aktiwiteit hierdie week @ slegs R85 by enige AnnaEmm-agente, of direk by ons teen die normale prys van R95. **SPESIALE PRYSE SLEGS BY AGENTE.**

Kontak 021 930 0908 |
lekkerbekkie@annaemm.co.za
vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 16 Februarie 2015.

Stories oor entrepreneurskap!
annemm kinderstories

Aktiwiteite oor entrepreneurskap
EK BOU VIR JOU 'N HUIS
Vyl inkleur-aktiwiteit oor BERTIE BEWER om vir jong kinders te leer om soos entrepreneurs te dink.

Vier stories oor entrepreneurskap
EK BOU VIR JOU 'N HUIS
Stories op die CD:
1. 'n Huis vir Kampveend
2. 'n Huis vir Prasia
3. 'n Huis vir Faser
4. 'n Huis vir Avert

Aktiwiteite oor entrepreneurskap
EK BAK VIR JOU 'N KOEK
Vyl inkleur-aktiwiteit oor MINKI DIE BEERTJIE om vir jong kinders te leer om soos entrepreneurs te dink.

Vier stories oor entrepreneurskap
EK BAK VIR JOU 'N KOEK
Stories op die CD:
1. 'n Koek vir Lenu
2. 'n Koek vir Selgrid
3. 'n Koek vir Dasso
4. 'n Koek vir Pella van

Aktiwiteite oor entrepreneurskap
EK PAS VIR JOU DIE KINDERS OP
Vyl inkleur-aktiwiteit oor KRISIE KANGAROO om vir jong kinders te leer om soos entrepreneurs te dink.

Vier stories oor entrepreneurskap
EK PAS VIR JOU DIE KINDERS OP
Stories op die CD:
1. Soeksoek se kinders
2. Vind se kinders
3. Mier se kinders
4. Luffang se kinders

Bertie Bewer bou die beste huise en niemand kan bak soos Minki die beertjie nie. Krissie Kangaroo sal jou kinders vir jou oppas...

Luister hoe elk van die diertjies 'n eie besigheid begin!

Elke CD het 4 luisterstories PLUS 'n A4-aktiwiteitspak!

Spesiale aanbod: Koop enige CD en aktiwiteitspak @ slegs R85!


Normale prys R95 elk - aanbod geldig tot 16 Feb 2015!

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Wat met die tafel gebeur het illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za